## 1 Januarie — Markus 1:32-39

### ***Beplan hierdie jaar wyer as net jou kring***

Dit was 'n besondere eerste dag van die week vir die nuwe navolgers van Jesus. Die vorige dag, naamlik die Sabbat, was in meer as een opsig oorlaai met hoogtepunte. Nie alleen het Jesus in die sinagoge in Kapernaum voor hulle gepreek nie maar Hy het ook 'n bose gees uit 'n man verdryf. Daarna het Hy die skoonma van Simon van 'n onnatuurlik hoë koors genees. En toe dit aand geword het en die son al onder was (met ander woorde die Sabbat was toe al verby) het die mense al die siekes na Hom gebring en Hy het hulle gesond gemaak en ook baie duiwels uitgedryf. So bedrywig en vol wonderlike gebeure van krag was hierdie dag dat die dissipels nie net uitgeput nie, maar ook oorstelp en vol verwondering was.

Maar Jesus laat hulle op hierdie eerste dag van die week dadelik een van die belangrikste lesse vir ons as gelowiges leer: Ek gaan nie net hier in Kapernaum die wonder van verlossing bekend maak nie. "Laat ons êrens anders heen gaan, na die nabygeleë dorpies toe sodat Ek daar ook kan preek, want daarvoor het Ek gekom." Hoe maklik is dit nie om maar net in ons eie klein groepie van hoogtepunt tot hoogtepunt te bly beweeg nie. Dit is natuurlik lekker en opwindend MAAR wat van die ander mense en plekke buite ons gewone groep?

Mag ons hierdie Woord van die Here ernstig opneem in die nuwe jaar wat voor ons lê. God roep ons nie net om die lekker van die bekende te ervaar nie. Nee, ons moet juis die harde onbekende ook aanpak ... juis hierdie jaar.

Ds. D. Laufs (Alberton-Wes)